# AFRIKAANS HUISTAAL

**VRAESTEL 3**

**GRAAD 11**

**MEI 2018**

**PUNTE: 100** **TYD: 2 ½ UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings:
   Afdeling A: Opstel (50)
   Afdeling B: Langer transaksionele tekste (25 x 2)

2. Beantwoord
   **EEN vraag uit Afdeling A en TWEE vrae uit Afdeling B.**

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n kopkaart, diagram, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.

7. Daar word aanbeveel dat jy jou tyd as volg bestee:
   - Afdeling A: 80 minute
   - Afdeling B: 70 (35 x 2) minute

8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in hierdie vraestel genommer is.

9. Voorsien ELKE skryftuk van 'n gepaste TITEL/ OPSKRIF. Let wel: Die titel / opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die getal woorde getel word nie.

10. Skryf netjies en leesbaar in BLOU ink.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye

## AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 350–400 woorde.

1.1 **Die lekkerste vakansie ooit!** [50]

1.2 *koebaai gister ...*

*hallo vandag* [50]

1.3 [50]

ek wil boer met woorde,
my kultivars self teel,
hektaar vir hektaar
met elke leser deel.

woorde ken nie grense
woorde ken geen prys,
tog handel en verhandel ek,
want woorde is soos spys.

woorde is ook gees
en gees is persoon.
in elke plek kán woorde
as mededelers woon.

[Bron: *Pro Rata,* "Dialoog" – Hendrik Januarie]

1.4 **Suid-Afrika is 'n land met volop geleenthede.** [50]

1.5 **My wenslys vir die lewe** [50]

1.6 Bestudeer die prente op die volgende bladsy en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skep jou eie titel. Skryf die nommer en jou eie titel neer.

1.6.1 [50]



[Bron: http://noonecaresaboutwhatyoudo.com]

1.6.2 [50]

[Bron: *Taalgenoot*, Junie 2009]

1.6.3 [50]



[Bron: http://www.iagram.com]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies **TWEE** van die volgende opdragte en skryf **180-200** woorde elk

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

**AG NEE, LIEWE VRIEND! JY IS OP DIE VERKEERDE PAD!**



[Bron: *Afrikaans is /ekker Graad 8,* Van der Merwe e.a.]

Jou beste vriend/vriendin is op die verkeerde pad. Hy/Sy het begin drink, rook, steel en het met die verkeerde mense vriende gemaak.

Skryf 'n brief aan jou vriend/vriendin waarin jy hom/haar probeer waarsku en reghelp.

Hou die volgende in gedagte:

- Noem die probleme van die pad waarop hy/sy nou is.
- Gee redes waarom dit verkeerd is.
- Sê wat die regte pad is. **[25]**

**OF**

## 2.2 FORMELE BRIEF AAN DIE PERS

Die volgende berig het op Netwerk24 se webwerf verskyn. Rig 'n brief aan die pers waarin jy jou mening (na aanleiding van hierdie artikel) lug. **[25]**

**Gebruik die volgende adres:**

**BEELD**
**Posbus 234**
**Johannesburg**
**2000**

# Pokemon Go bring die 'nerds' 'n slag uit die huis en in die son

19 Augustus 2016 06:00

So hoor en sien ek nou in die week en oor die naweek van die jong mense wat so op hul selfone in die kar sit en in die straat staan.

Ek vra toe vir een van my vriendinne wat is die storie – sy sê my dit is die nuwe Pokemon Go-speletjie wat almal so speel. Dit kry die *nerd* so 'n bietjie uit die huis uit, en in die son.
Sy is ook betrokke by die speletjie en dit is ure se pret om die gedroggies so na te jaag. Sy vertel toe vir my hoe die speletjie werk.

Verskillende plekke in die dorp is *"Pokestops"* – daar kan jy *pokeballs, potions, razzberries,* en so meer kry wat jy kan gebruik in jou *game*.
Daar is ook twee punte wat as *gyms* geklassifiseer word. Daar baklei jou pokemons teen mekaar: daar is drie spanne (rooi, geel en blou) en jou span waaraan jy behoort, kan teen ander spanne baklei by die *gyms* en dan, die wenspan besit die *gym* tot 'n speler van die ander span jou span kom *defeat*. Hoe sterker jou pokemons, hoe beter. Elke pokemon het sy eie *special power* en tipe (*grass, water, fire*).
Jy moet al die pokemons vang wat daar is en jy kan hulle ook *evolve* met jou Stardust wat jy kry elke keer dat jy pokemons vang. As jy pokemons vang wat dubbels is, kan jy hulle *transfer* vir die "professor" in ruil vir *candy*.
Die *candy* is nodig om jou pokemons te *evolve*.
By 'n pokestop kan jy 'n *lure* aansit wat pokemons *attract* na daai pokestop en dan kan jy hulle vang. Ander spelers sien die *lure* op hul skerms as hulle in die gebied is en kan ook na die pokestop toe gaan en die *benefit* kry om ook die pokemons te vang wat *attract* word na daai gebied met die *lure* wat 'n ander speler daar aansit. Jy kry ook *incense* wat jy kan gebruik wat die pokemons *attract* na waar jy is vir 30 minute, maar net daai *player* kan sy *incense* gebruik.
Jy *level up* soos wat jy pokemons vang en *battle* en so aan.
So, dit is onskuldige tydverdryf, wat mense dan bietjie uit laat kom, en ook so 'n bietjie in die samelewing kan laat kom.Pokemon-goer.

**OF**

## 2.3 HULDEBLYK

Jy is in die polisiemag en het pas jou hond (Sally – 'n Duitse Herdershond) aan die dood afgestaan. Sy was vir 8 jaar deel van die Mag en het waardevolle werk in die dwelmeenheid en die Afdeling vir Vermiste Persone verrig.
Jy lewer die huldeblyk (as laaste eerbetoon) vir hierdie spesiale dier tydens 'n formele afskeidseremonie.
Skryf jou huldeblyk neer. **[25]**

**OF**

## 2.4 KOERANTBERIG

Jy is 'n verslaggewer verantwoordelik vir die bylaag ***"Diere en hul dinge"***.

Skryf 'n berig oor 'n interessante gebeurtenis wat plaasgevind het waarin 'n dier 'n belangrike rol gespeel het.

Gebruik **EEN** van die volgende koppe/opskrifte vir die berig:

- Olifantkoei maak amok toe fotograaf naby kalfie kom

**OF**

- *Hond wat saam met gesinsmotor gekaap is, vind sy weg terug huis toe*

**OF**

- **Dié kat het werklik nege lewens!** [25]

**OF**

**2.5 TOESPRAAK**

Jy is die kaptein van ’n sportspan by jou skool. Julle het hierdie seisoen pragtig presteer en neem Saterdag aan die laaste wedstryd deel. Neem ’n terugblik op die span se ontwikkeling vanaf julle eerste wedstryd tot waar julle nou is. Skryf ’n **MOTIVERINGSTOESPRAAK** wat jou span sal aanspoor om Saterdag hulle beste te lewer. [25]

**OF**

**2.6 RESENSIE**

Die nuwe restaurant Papachino’s het onlangs in die omgewing geopen. Julle het besluit om jou oupa se sewentigste verjaardag daar te gaan vier. Skryf ‘n resensie oor die restaurant en gee veral aandag aan:

- ❖ Ligging van die restaurant
- ❖ Atmosfeer
- ❖ Spyskaart
- ❖ Bediening (kelners)
- ❖ Pryse
- ❖ Motivering waarom jy die restaurant sal aanbeveel, al dan nie [25]

**TOTAAL AFDELING B: (2 X 25 = 50)**

**TOTAAL : [100]**